



HOËRSKOOLO PIONIER

Tel: Skool (034) 981-3152
981-3145
Koshuis: 982-2719
Faks: 980-9677

Privaatsak X9413
VRYHEID 3100
E-Pos adres
pionier@lantic.net
Webblad : www.pionier.co.za

27 Maart 2018

Geagte Ouers

BUSROETE NA UTRECHT EN NEWCASTLE: TWEDE KWARTAAL 2018

1. Alle busgeld moet asseblief betaal wees teen Dinsdag, 17 April 2018.
2. Die buskomitee het ook besluit, dat as gevolg van die buskomitee se finansiële verpligtinge, geen uitstel ten opsigte van die betaling van busgelde verleen sal word nie - die busgelde vir hierdie kwartaal is dus, soos hierbo aangedui, betaalbaar op 17 April 2018.
3. Alle leerlinge wat steeds agterstallig is met die busgelde van die vorige kwartaal, sal nie op die bus toegelaat word nie.
4. Leerlinge wat nie teen 17 April 2018 hul busgelde ten volle vereffen het nie, sal vanaf Vrydag, 20 April 2018 nie op die bus toegelaat word nie.
5. KOSTE: Die koste per leerling vir die TWEDE KWARTAAL 2018 verskyn hieronder in tabelvorm:

	Utrecht	Newcastle
Kwartaalliks	R1 521	R2 047
Enkelkaartjies	R100	R120

Die koste word volgens die aantal ritte per kwartaal bepaal en sal dus nie noodwendig elke kwartaal dieselfde bedrag wees nie.

6. Geen persoon mag 'n kaartjie op die bus koop nie en geen persoon sal sonder 'n kaartjie op die bus toegelaat word nie. Leerlinge se toelating op die bus is voorwaardelik.
7. Geen betalings sal op Vrydag, 20 April 2018 aanvaar word nie, omdat dit administratiewe probleme verskaf. Geen reëlings vir busvervoer mag ook Vrydae getref word nie.
8. MANIERE VAN BETALING
 - 8.1 Busgelde kan kontant of per tjek by leerlinge se registeronderwysers inbetaal word.
 - 8.2 Gelde kan in die onderstaande rekening gedeponeer word of per internet na die onderstaande rekening oorgeplaas word. Indien die gelde in die rekening gedeponeer word, word u versoek om die depositostrokie met u kind se toelatingsnommer, van en voorletters (Hoërskool Pionier) en busroete (afklimpunt) na die skool te faks voor of op 17 April 2018. Indien u per internet betaal word u versoek om asseblief ook die leerling(e) se toelatingsnommer, van en voorletters (Hoërskool Pionier) en rekeningnommer, van en voorletters (ander skole) en afklimpunt as verwysing te gebruik.

Bankbesonderhede:

Rekeningnaam: Hoërskool Pionier Buskomitee
Takkode: 334 524

Bank: ABSA
Rekeningnr: 404 920 2261

- L.W:
- a) Die busgelde moet nie in die skoolrekening inbetaal word nie, want die Buskomitee maak gebruik van hul eie rekening.
 - b) Tjeks moet uitgemaak word aan Hoërskool Pionier Buskomitee en indien 'n tjek teruggestuur (V/T) word deur die bank, sal die ouer verantwoordelik wees vir die koste van R100.

9. Kortings vir leerlinge in Hoërskool Pionier:
Slegs leerlinge van Hoërskool Pionier kwalifiseer vir die volgende korting:
Die oudste kind(ers) van 'n gesin kry 25% korting indien 'n kwartaalkaartjie gekoop word, maar die res van die gesin betaal volprys.
10. Geen leerling mag in die plek van 'n ander persoon op die bus ry nie. Indien dit gebeur sal so 'n leerling dubbel die koste moet betaal.
11. Geen kaartjies word op die bus verkoop nie!
12. Alle enkelritkaartjies vir vriende moet teen 13:00 op Donderdag gekoop wees by mnr. Coetzee (indien daar oop plekke is).
13. Leerlinge van ander skole as Hoërskool Pionier, sal slegs van hierdie diens gebruik kan maak indien daar sitplekke op die bus beskikbaar is - hul toelating is dus voorwaardelik.
14. Leerlinge wat nie permanent buskaartjies vir die volle kwartaal het nie, moet 'n enkelkaartjie by mnr. Coetzee koop voor of teen Donderdag om 13:00. Leerlinge mag ook nie meer as drie keer 'n kwartaal 'n enkelkaartjie koop nie. Enkelkaartjies sal slegs verkoop word as daar plek op 'n bus is.
15. Onderaan is 'n lys van bustye en plekke van arriveer en vertrek asook kontakpersone.
16. Geen leerling mag op 'n ander bus as waarvoor hy/sy betaal het, ry sonder vooraf toestemming by mnr. Coetzee gekry is nie.
17. Indien 'n leerling sy/haar naam opgee om permanent op 'n sekere bus te ry, sal hy/sy verantwoordelik wees vir die volle koste van die kwartaal en kan nie later aandui dat hy/sy nie gery het nie.
18. As 'n leerling se naam nie op die skool se busregister verskyn nie, sal hy/sy nie op die bus toegelaat word nie.
19. Elke leerling se ouers/voog moet ook asseblief 'n “Busvervoer Aansoekvorm en Inligtingsvorm” voltooi en so gou as moontlik by die skool inhandig.
20. U moet ook asseblief daarop let dat busgelde (punt 5) uitgewerk is dat u nie betaal vir die dae waarop die bus nie ry nie, bv. met sportnaweke.
21. Elke leerling mag ook net sy/haar skooltas en nog een ander tas op die bus laai. Geen mikrogolfoonde, klankstelsels, stofies, ens. sal op die bus toegelaat word omdat dit probleme t.o.v. die veiligheid van kinders op die bus kan veroorsaak asook genoeg ruimte vir al die bagasie. Geen persoon mag ook sy bagasie op die bus laai as hy/sy nie self die dag op die bus ry nie.
22. Leerlinge mag slegs in “volle skooldrag” of “volle sivvies” reis.
23. As gevolg van die feit dat Vrydag, 27 April 2018 'n vakansiedag is, sal die bus op Donderdag, 26 April 2018 loop. So ook sal die bus op Dinsdag, 1 Mei 2018 loop (i.p.v. Sondag, 30 April 2018); en ook op Woensdag, 20 Junie 2018 i.p.v. Vrydag, 22 Junie 2018.

Baie dankie aan al die ouers wat vir ons sulke goeie samewerking gee. Ons waardeer u mooi positiewe gesindheid. Ons hoop u verstaan dat ons ook finansiële verpligtinge het ten opsigte van die bus wat nagekom moet word.

Dankie, aan u as Utrecht- en Newcastle-ouers vir u ondersteuning. Mag u 'n voorspoedige kwartaal.

Vriendelike groete

J.B. COETZEE
DEPARTEMENTSHOOF

R.S. MULLER
SKOOLHOOF